HOËRSKOOL OOS-MOOT
WERK EN OORWIN

# Oosies NUUSBRIEF 2026

WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

**06/2026** **12 Februarie 2026**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Ek wil graag sê DANKIE. Dankie aan elke ouer wat vergaderings bywoon, na wedstryde en optredes kom, en julle kinders aanmoedig om deel te neem. Dankie aan elke leerder wat hande uitsteek en betrokke raak – of dit nou op die sportveld, op die verhoog, in die debatspan, of by gemeenskapsprojekte is.

Ons weet dis nie altyd maklik nie. Tussen huiswerk, toetse, projekte, oefeninge en wedstryde – daar is dae wat dit voel asof daar net nie genoeg ure in die dag is nie! Maar julle doen dit. En dit maak 'n REUSE verskil. Betrokkenheid leer ons kinders om hulle tyd te bestuur, om prioriteite te stel en vaardighede te kry wat hulle sinvol in hul lewe gaan gebruik.

Vriendskappe word gebou wat dikwels ontwikkel in lewenslange vriendskappe. Daar is ’n spesiale band wat vorm wanneer jy saam so swoeg, sweet en presteer vir iets groter as jouself. Selfvertroue groei wanneer jou kind voel hy behoort hier, wanneer hulle trots is om ’n Oosie te wees, verander alles.

Ons kinders leer lewensvaardighede soos hoe om op te staan ná 'n verloor, hoe om te wen met nederigheid en hoe om te volhard wanneer dit moeilik word. Hierdie is nie dinge wat ons in 'n handboek kan leer nie – dit word geleer op die sportveld, op die verhoog en in die span.

Ek verstaan ouers se skedules is propvol. Werk, gesin, verantwoordelikhede, en dan moet u ook nog kinders na oefeninge neem, help met kostuums, by wedstryde en byeenkomste wees. Hier is die belangrikste van alles – julle teenwoordigheid beteken die wêreld vir julle kind. Wanneer hulle na die pawiljoene kyk en julle daar sien, wanneer hulle van die verhoog afklim en julle is daar om te omhels, daardie oomblikke bou iets wat nie in woorde beskryf kan word nie.

Ons doel is nie net om akademiese kennis oor te dra nie, maar om volledige, goed-ontwikkelde mense te vorm wat weet hoe om saam te werk, hoe om te lei, hoe om op te staan na 'n val en hoe om ander op te bou.

Ek wil graag alle ouers aanmoedig om hul kinders te motiveer om betrokke te wees, hulle passie te vind en te volg. Saam skep ons ’n positiewe en ondersteunende skoolomgewing waar elke Oosie kan blom, presteer en herinneringe maak!

Ons is ook opgewonde om aan te kondig dat die skool die 2025 Pick n Pay Waverley kompetisie gewen het. Baie dankie aan elke ouer en ondersteuner wat hul inkopiestrokies getrou in die skool se houer geplaas het. Elke strokie het werklik ’n verskil gemaak. Die prysgeld sal aangewend word om gefiltreerde waterpunte op die skoolterrein te installeer, wat nie net ons leerders se welstand sal bevorder nie, maar ook bydra tot ’n meer volhoubare en omgewingsvriendelike skoolomgewing.

Dankie dat julle saam met ons bou. Saam maak ons nie net 'n skool nie – ons bou 'n gemeenskap. En daardie gemeenskap is iets om werklik trots op te wees.

Vriendelike groete

Me S Theron
HOOF

# ALGEMEEN

## Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 13 Febr. : Skool verdaag 13:00
- 16 Febr. : Gr.12 Wiskunde SBA
- 17 Febr. : Sweminterhoër
- 18 Febr. : Gr.12 Besigheidstudie SBA
- 20 Febr. : Atletiek: Goue Liga
  Gravering: Versoeke sluit
  Markdag: Inskrywings sluit
  Oosie-Lig: Pretmiddag
- 23 Febr. : Gr.10/12 FW SBA
- 25 Febr. : G.r11 FW SBA
- 26 Febr. : Atletiek B-Bond Interhoër
- 27 Febr. : Markdag
- 28 Febr. : Manne-aand

# BELANGRIKE KENNISGEWING

Die skool verdaag vroeg op

Datum : 13 Februarie
Tyd : 13:00

as gevolg van 'n atletiek tuisbyeenkoms.

# AKADEMIE

## TOETSROOSTER KWARTAAL 1

### Toetsdatum aanpassing

**Let asseblief** daarop dat die toetse wat vir **11 Maart beplan was, nou op 10 Maart geskryf sal word.**

Hierdie skuif is gemaak omdat leerders op 10 Maart aan die NWU Wintersport by Transvalia deelneem, wat hul voorbereiding vir die toetse sou beïnvloed.

### Vraestel - tydsduuraanpassing

Rekeningkunde: Gr10
Datum : 10 Maart
Tydsduur : 90 minute (nie 60 nie)
Plek : LO-saal
Aanmeldtyd : 06:45
Begin skryf : 07:00

### RTT praktiese toetse : Graad 11

Die praktiese kwartaaltoets vind **steeds op Dinsdag 11 Maart**, tydens die akademiese uur, plaas.

Let wel: Alhoewel ander oggendtoetse na 10 Maart geskuif is, bly hierdie RTT-prakties onveranderd.

Hierdie reëling is reeds op 26 Januarie via Google Classroom aan leerders gekommunikeer.

Indeling volgens sleutels:

| Tyd | Sleutels | Personeellid |
|---|---|---|
| 14:15 – 15:15 | K1 – K29B | Z vd Westhuizen |
| | K2 – K64 | S Bosman |
| | K3 – K50 | N Pfeil |
| Tyd | Sleutels | Personeellid |
| 15:20 – 16:20 | K4 – K29B | Z vd Westhuizen |
| | K5 – K29A | D Neethling |

## FISIESE WETENSKAP SBA

Die Fisiese Wetenskapleerders skryf 'n **verpligte SBA**.
Graad 10 : 23 Februarie
Graad 11 : 25 Februarie
Graad 12 : 23 Februarie
Die leerders sal 'n skrywe met die reëlings in harde kopie ontvang. Volg die skakel by elke graad vir die elektroniese skrywe.

## BESIGHEIDSTUDIE SBA

Die graad 12 Besigheidstudieleerders skryf op die volgende datum 'n verpligte SBA.

Datum : 18 Februarie
Aanmeldtyd : 06:45
Toets begin : 07:00
Plek : LO-saal

## WISKUNDE OLIMPIADE

Siyanqoba Wiskunde-Olimpiade Opleidingsprogram (Universiteit van Pretoria).

Die Universiteit van Pretoria bied die **Siyanqoba Streeksopleidingsprogram** gratis aan vir leerders in die Pretoria-omgewing wat in Wiskunde en Wiskunde-olimpiades belangstel.

**Belangrike inligting:**

- Gratis verrykende opleidingsprogram in Wiskunde
- Gemik op leerders wat sterk in Wiskunde presteer
- Leerders moet **self registreer** (sien aangehegte dokument/skakel vir besonderhede)
- **Registrasie sluit:** Saterdag, 21 Februarie
- Nuwe deelnemers skryf ook 'n **aanlyn keuringstoets** op 21 Februarie.

'n Uitstekende geleentheid vir leerders om hul wiskundevaardighede verder te ontwikkel en aan olimpiades blootgestel te word.

# KOMMUNIKASIE



## SPORT

**Belangrike inligting vir sportbyeenkomste te Hoërskool Oos-Moot**

**Toegang en toegangsgelde**

- Streng toegangsbeheer sal toegepas word.
- Alle toegangshekke is **KONTANTLOOS.**
- Kaartjieverkope sal slegs by die hekke plaasvind en kan via 'n debiet-/kredietkaart aangekoop word.

| | |
|---|---|
| Volwassenes | R20 per persoon |
| Voertuie | R30 per voertuig (sluit bestuurder se toegang in) |
| Leerders in gewone drag | R20 per persoon |
| Leerders in skooldrag | GRATIS |
| Kinders onder 12 jaar | GRATIS |

### ATLETIEK

**Byeenkomste**

Datums van byeenkomste en programme

### HENGEL

Eerste hengelnaweek (Vaaldam)

Datum : 15 Februarie
Vervoer : Leerders se eie vervoer

### HOKKIE

**Kliniek**

Datum : **14 Februarie**
Tyd : 08:00 tot 11:00
Afrigter : Earl Kim-Fley
Registrasie : Sluit 12 Februarie

Navrae kan gerig word aan: 071 103 3519.

### KRIEKET - DOGTERS

**Proewe**

Die dogters kriekettoer vind in die Junie/Julie-vakansie plaas, en ons begin nou al met die proewe om die span voor te berei! Ons nooi alle huidige spelers en enige, nuwe belangstellende spelers.

Datum : 24 Februarie
Tyd : 14:30
Plek : Krieketnette

Navrae: Me L. de Bruin (l.debruin@oos-moot.co.za)

### NETBAL

**Dames-oggend**

Mammas wat nog belangstel om as gasvrouens by ons Dames-oggend (7 Maart) op te tree kan me S Visser by netbal@oos-moot.co.za of per WhatsApp by 079 692 2491 kontak.

### SWEM

**Interhoër**

Die tyd het aangebreek vir die sweminterhoër en ons gee graag die volgende reëlings vir ons deelnemende swemmers deur:

Datum : 17 Februarie
Vervoer : 08:30 per bus vanaf die skool
Ongeveer 17:30 terug by die skool
Opwarming : 09:00
Gala begin : 10:00

- Leerders kom in die korrekte Oosie-drag/Interhoër swemhemp skool toe.
- Geen plakkies of *Crocs* word toegelaat by die skool nie.
- Kouse en tekkies saam met Oosie-drag.
- Ouers is welkom – die ingangsfooi is R20 per persoon.

### TENNIS

Die liga-bepalings vir ons dogtersspanne is soos volg:

| 1ste span | | |
|---|---|---|
| Datum | Mededinger | Plek |
| 25 Febr. | Noordheuwel | Tuis |
| 11 Mrt. | Zwartkop | Tuis |
| 18 Mrt. | PHSG | Tuis |
| 25 Mrt. | Waterkloof | Weg |
| 8 Apr. | Curro Hazeldean | Tuis |
| 15 Apr. | Montana | Weg |
| 22 Apr. | AHMP | Tuis |

| 2de span | | |
|---|---|---|
| Datum | Mededinger | Plek |
| 25 Febr. | Centurion | Weg |
| 11 Mrt. | Monument | Villieria Tennisklub |
| 18 Mrt. | Eduplex | Weg |
| 25 Mrt. | St Mary's | Tuis |
| 8 Apr. | Duitse Skool | Weg |
| 15 Apr. | Waterkloof | Tuis |

## BUITEPRESTASIES

**Sport**

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

***Kliek op die skakel hieronder.***




## KULTUUR

**Oosie-lig**

*Belangrik*

*Die eerste pretmiddag is op 20 Februarie.*

**Redenaars en Public speaking**

| Datum | Aktiwiteit, tyd en plek |
|---|---|
| 17 Febr. | Uitdunne: Redenaars/Public Speaking (14:00 – 18:00) in verskeie klasse |
| 24 Febr. | Aankondiging van gala-aand deelnemers |
| 3 Mrt. | Public Speaking evening (personeelkamer) (16:00) |
| 4 Mrt. | Junior gala-aand (personeelkamer) (16:00) |
| 5 Mrt. | Senior gala-aand (personeelkamer) (16:00) |

## SOSIAAL

### VALENTYNSDAG EN VALENTYNSBAL

**Valentynsdag *Photo Booth* – 13 Februarie**

Reg vir pret en herinneringe? Op Dinsdag 13 Februarie kan jy en jou vriende die Valentynsdag *Photo Booth* by die skool besoek!

| | | |
|---|---|---|
| Wanneer | : | Pouse |
| Koste | : | Paartjie-foto's - R10 per foto<br>Groepfoto's (5 of meer) - R25 per foto |

Bring jou glimlag en kom neem 'n paar prettige foto's saam met jou vriende.

**Valentynsbal – 14 Februarie**

Die datum van die Valentynsbal skuif.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 14 Februarie |
| Tyd | : | 18:00 tot 22:00 |
| Kleredrag | : | Semi-formeel |
| Kaartjies | : | R200 per paartjie<br>R100 enkel<br>Ligte ete ingesluit<br>Geen kaartjies by hekke te koop. |
| Te koop | : | Koeldrank en *Slushies* |

*Geen buitepersone nie.*

## PROJEKTE

### Atletiek: Van Baan tot Droom

Met stygende kostes help ons talentvolle leerders om hul sportdrome na te jaag deur skoene, spykerskoene, oefendrag en toerusting te versamel.

- Oud-atlete word aangemoedig om skoene en toerusting te skenk.
- Borge en instansies kan finansieel of materieel bydra.

Sluit aan en help ons jong atlete om van die baan na hul drome te beweeg! Kontak: Chriselda Meyer (083 650 0759).

### Boubakstene benodig

Baie dankie vir die skenkings wat reeds ontvang is – ons benodig steeds nog boubakstene vir instandhouding en sal nog skenkings opreg waardeer!

***Ouers wat oor oorskot boubakstene beskik of stene het wat net in die erf rondstaan, word vriendelik versoek om dit, indien moontlik, aan die skool te skenk.***

Reëlings vir die oplaai van die stene kan getref word deur ons Geboue- en Terreinkantoor te kontak by (012) 332 0601 of per e-pos by geboue@oos-moot.co.za.

### Handgemaakte, bevrore pasteie. Bestel vandag!

Bestel- en afleweringsinligting

- Eenmalig per maand via Google-vorm
- Bestelperiode: 26 Januarie – 02 Maart 2026
- Aflewering: Donderdag, 05 Maart 2026
- Bestelvorm – voltooi die vorm.

Pryse en keuses

- R220 per boks (dosyn)
- Kies uit 9 vulsels (let wel: vulsels kan nie gemeng word nie).

## NUUSBRIEFADVERTENSIES


Adverteer in ons skool se nuusbrief. Kostes en volledige inligting by die skakel beskikbaar.












https://photofrog.co.za/buy/dv2wb

